Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

OKTOBER 2021

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

MUNISIPALE REKENING ABNORMAAL HOOG? DIS DALK HOEKOM.

Verskeie inwoners het die lesings vir elektrisiteit- en waterverbruik, soos aangetoon op hul munisipale rekeninge vir Augustus 2021 in die besonder, bevraagteken, aangesien daardie lesings oënskynlik aansienlik hoër was vergeleke met vorige maande.

In baie gevalle kan dit toegeskryf word aan die aantal dae wat by die lesingtydperk ingesluit is (d.w.s. 38 dae in plaas van 30). Let egter daarop dat selfs al sou die lesing hoër wees, die faktureringstelsel steeds verbruik teen die korrekte tarief ooreenkomstig die glyskaal bereken deur die addisionele dae bó 30 dae in berekening te bring.

Huishoudings wat van kredietmeters gebruik maak, is meestal deur die hoër lesings geraak wat toe te skryf is aan die aanstelling van 'n diensverskaffer wat sagteware vir die lees van meters verskaf en die toekenning van 'n nuwe tender vir meterleesdienste.

As gevolg van laasgenoemde kon geen werklike lesings gedurende Julie 2021 geneem word nie en is gemiddelde gebruik gehef. Voorts, aangesien die nuutaangestelde meterlesers hulle eers met die area moes vereenselwig, kon hulle nie die lesings binne die normale 30-dae-tydperk in Augustus 2021 afhandel nie en, in baie gevalle, het hulle 38 dae in plaas van 30 gebruik om dié taak af te handel.

Let ook daarop dat as gevolg van Eskom se verhoging, Munisipaliteit Overstrand se tariewe vir elektrisiteit met 14,59% verhoog is. Gekombineerd het die laat lesings en die tariefverhoging aanleiding gegee tot hoër munisipale rekeninge.

Aangesien meterlesings nie vir koopkrag nodig is nie, is tariewe vir koopkrageenhede inderwaarheid goedkoper. Dit is omdat daar oombliklik vir verbruik betaal word. Hierteenoor neem dit ongeveer 60 dae om die geld te in wat aan die munisipaliteit verskuldig is wanneer elektrisiteitsverbruik by wyse van 'n konvensionele/kredietmeter gemeet word.

Soos uit die vergelyking hieronder blyk, word inwoners ten sterkste aangeraai om oorskakeling van konvensionele na koopkragmeters te oorweeg aangesien dit nie net 'n goedkoper opsie is nie, maar ook die perfekte oplossing bied om verbruik meer doeltreffend te reguleer.

		Tarief		Tarief		
		Kredietmeter	Totaal	Koopkrag	Totaal	Verskil
Basies	Verbruik		469.40		469.40	0.00
Blok 1: 0 - 350 kWh	350	1.8010	630.35	1.6636	582.26	48.09
Blok 2: 351 - 600 kWh	250	2.6451	661.28	2.4926	623.15	38.13
Blok 3: > 600 kWh	100	3.2499	324.99	3.1239	312.39	12.60
			2 086.02		1 987.20	98.82

As u reëlings wil tref om u munisipale rekening af te betaal, kontak die departement finansies asseblief by 028 313 8000. Rekeningnavrae en navrae rakende die installering van koopkragmeters kan gerig word aan enquiries@overstrand.gov.za.

BRANDWEER SE REAKSIETYD VERBETER MET GOEIE TOERUSTING

Overstrand se Brandweerhoof, Lester Smith; assistent-direkteur: provinsiale rampbestuur, Marlu Rust; brandbestryder Jaco Stemmet; assistent-brandweerhoof: operasioneel en opleiding, Angelo Aplon; Overstrand se vlootbestuurder, Thelma Lobb; en senior brandbestryders Gallie Badenhorst en Adam Mars was daar om die jongste toevoegings tot Overstrand se brandweervloot in ontvangs te neem.

Danksy befondsing wat deur die provinsiale direktoraat: rampbestuur en brandweer-en-reddingsdienste beskikbaar gestel is, is Overstrand se brandweervloot nou uitgebrei om ook twee viertrekvoertuie in te sluit wat as boseenhede *(fire skids)* toegerus is.

Hierdie voertuie is volledig toegeruste brandbestrydingseenhede wat gewoonlik gebruik word om vinnig op veldbrande te reageer en op brande in landelike gebiede waar toegang deur kleiner viertrekvoertuie vereis word.

Ten tyde van die amptelike oorhandiging het Overstrand se assistent-brandweerhoof: operasioneel en opleiding, Angelo Aplon, verduidelik dat hierdie eenhede meestal gebruik sal word om te help met die bestryding van klein tot medium brande maar ook as 'n sekondêre reaksie op brande oral in die Overstrand ingespan sal word.

Volgens brandweerhoof, Lester Smith, sal die toevoeging van hierdie eenhede die reaksiekapasiteit van Overstrand se brandweer-en-reddingsdienste aansienlik verbeter aangesien bestemmings nou baie vinniger bereik kan word. Smith het ook daarop gewys dat die munisipaliteit en die provinsie oor baie jare heen 'n wedersyds ondersteunende verhouding opgebou het en gesamentlik vas van voorneme is om ontydige en ongewenste veldbrande te voorkom.

Op dieselfde trant het Aplon daarop gewys dat ondanks die jongste toevoegings tot die brandbestrydingsvloot alle eienaars steeds 'n verpligting het om te verseker dat hul eiendomme ten alle tye toeganklik vir noodvoertuie is. Gegewe die naderende somerbrandseisoen het hy ook 'n beroep op alle inwoners gedoen om seker te maak dat hul huise teen wegholbrande beveilig is *(sien die September-uitgawe van Bulletin vir advies).*

BELANGRIKE KENNISGEWING

NOMINASIES VIR NUWE WYKSKOMITEES SLUIT OP 8 OKTOBER 2021

Soos aangekondig, sal die 2021- Suid-Afrikaanse munisipale verkiesings op 1 November 2021 gehou word. Na afloop van daardie verkiesings moet nuwe wykskomitees in alle wyke tot stand kom.

Met hierdie doel voor oë word alle organisasies/sektore, geografiese blokke/areas en belanghebbendes met 'n gevestigde belang in gemeenskapsontwikkeling en goeie regeringsbestuur hiermee genooi om nominasies in te dien vir wyskomiteekandidate wat deel sal neem aan die verkiesing van daardie nuwe wykskomitees wat vir die volgende vyfjaartermyn gaan dien.

Aansoeke moet gedoen word in die plaaslike wyk waar die organisasie/sektor en geografiese blokke geleë is en meestal bedrywig is.

Nominasies om as 'n wyskomiteelid te dien, moet vóór **8 Oktober 2021** by jou naaste munisipale kantoor of jou naaste Areabestuurder ingedien word.

Volledige besonderhede rakende die nominasieproses is beskikbaar op die munisipaliteit se amptelike webwerf www.overstrand.gov.za. Klik op "Documents" en gaan dan na "Forms".

NOMINASIEVORMS EN -KRITERIA IS OOK BESKIKBAAR BY:

Hermanusadministrasie (Wyke 3, 4, 5, 6, 7, 8, 12 & 13)
Mnr. A. Wyngaard: 028 313 8112, hdignas@overstrand.gov.za, Magnoliastraat 1

Gansbaai-administrasie (Wyke 1, 2, 11 & 14)
Mnr. F. Myburgh: 028 384 8300, mswart@overstrand.gov.za, Hoofweg en Stanfordkantoor, Koningin Victoriastraat 17

Kleinmondadministrasie (Wyke 9 & 10)
Mnr. D. Lakey: 028 271 8400, santoni@overstrand.gov.za, 5de Laan 33

Wykskomitee verkiesings sal eers ***ná*** die komende plaaslike munisipale verkiesing plaasvind en datums sal nog aangekondig word.

Van belang hier is om op die volgende te let:

- Alle genomineerdes moet geregistreerde kiesers wees wie se name op die kieserslys van die betrokke wyk verskyn.
- Geen nominasies van enigeen wat 'n lid van die munisipale Raad; permanent of kontraktueel in diens van die munisipaliteit; en/of 'n gemeenskapontwikkelingswerker of in diens van 'n ander regeringsfeer (provinsiaal/nasionaal) is, sal oorweeg word nie.
- Genomineerdes se munisipale rekeninge moet nie vir langer as drie maande agterstallig wees nie, tensy bewys gelewer kan word dat reëlings getref is om die skuld te vereffen en dat hulle vir die duur van hul ampstermyn hul munisipale rekeninge op datum sal hou.
- **Geen nominasies van enigeen wat aan 'n oortreding skuldig bevind is en vir 'n tydperk van meer as twaalf (12) maande gevonnis is, sal aanvaar word nie.**

OVERSTRAND SE WYKE

Munisipaliteit Overstrand is geleë in die Overbergdistrik, Wes-Kaap.

Overstrand se wyke is as volg:

1. Stanford, Thembelihle
2. Gansbaai-noordoos, Masakhane
3. Hermanus
4. Mount Pleasant, Westcliff
5. Zwelihle
6. Zwelihle
7. Sandbaai
8. Fisherhaven, Hawston
9. Kleinmond, Mountain View, Palmiet, Beverly Hills, Ext 6
10. Pringlebaai, Proteadorp, Overhills, Rooi-Els, Mooi-Uitsig, Bettysbaai
11. Baardskeerdersbos, Eluxolweni, Pearly Beach, Buffeljachtbaai, Franskraal
12. Zwelihle
13. Onrus, Vermont
14. Blompark, De Kelders, Gansbaai-suidwes, Van Dyksbaai

PARKERING IN HERMANUS-SAKEKERN

Dit blyk dat personeel verbonde aan ondernemings in Hermanus se sakekern deesdae die gewoonte aangeleer het om hul motors vir die hele dag te parkeer op plekke wat onder normale omstandighede vir korter tydperke gebruik sou word deur klante wat inkopies wil doen. Hierdie gewoonte is beslis nie bevorderlik vir besigheid nie en behoort sover as moontlik deur sake-eienaars ontmoedig te word.

Dit is in almal se belang om 'n omgewing in die sakekern te skep waar sake flink verloop en klante nie onnodig verontrief word nie. Daarom doen ons 'n beroep op alle sake-eienaars om hul personeel aan te moedig om gedurende sake-ure gebruik te maak van die volgende langtermyn (gratis) parkering:

- Gearing se Punt
- Marinerylaan
- NG Kerkgronde
- Hoy se Koppie (oorkant Checkers)

Aldus Solomzi Madikane, Munisipaliteit Overstrand se direkteur: maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling en toerisme, verhoed COVID-19-beperkings steeds die herinstelling van die stelsel waarvolgens motoriste parkeergelde aan opsigters moes oorbetaal aangesien dit die hantering van kontant behels.

Na regte behoort gebruik van parkeerplekke in die sakekern waar moontlik tot 60 minute of korter beperk te word, en parkeeropsigters sal binnekort gedurende kantoorure ontplooi word om motoriste na langtermyn-parkering te herlei indien hulle vir langer as 'n uur wil parkeer. Dié tydelike parkeeropsigters sal van identifiserende dokumentasie en beffies voorsien word. Geen parkeergelde sal gehef word nie, maar fooitjies is opsioneel.

2021 MUNISPALE VERKIESING

Toevoeging van Wyk 14 en veranderings aan afbakening van bestaande wyke

Met die oog op die naderende verkiesings wil Munisipaliteit Overstrand kiesers daarop attent maak dat die afbakening van die volgende wyke verander het. Hierdie veranderings en die toevoeging van Wyk 14 het ook betrekking op die nominasies vir en verkiesing van wykskomitees soos uiteengesit.

WYKNR.	OMVAT VOORHEEN	OMVAT NOU
1	Franskraal en Masakhane	Stanford en Thembelihle
2	Gansbaai, De Kelders, Kleinbaai en Blompark	Gansbaai-noordoos en Masakhane
9	Kleinmond, Mountain View en Palmiet	Kleinmond, Mountain View, Beverly Hills/ Uitbreiding 6 en Palmiet
11	Stanford, Baardskeerdersbos, Pearly Beach, Viljoenshof, Withoogte en Buffeljachtbaai	Baardskeerdersbos, Eluxolweni, Pearly Beach, Buffeljachtbaai en Franskraal

Voorts is 'n nuwe wyk (Wyk 14) bygevoeg. Hierdie wyk is afgebaken om Blompark, De Kelders, Gansbaai-suidwes en Van Dyksbaai te omvat.

IS JOU HONDEMAATJIE 'N VERANTWOORDELIKE TOERIS?

In die loop van September het ons Toerismemaand gevier. Vanjaar het die Wes-Kaapse departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme besluit om vier besonderse onderwerpe toe te lig wat elk betrekking het op hoe ons, as toeriste, op 'n volhoubare wyse steeds genot kan put uit al die aanloklikhede wat ons land bied.

Onderwerp 3 het betrekking gehad op wat dit verg om 'n verantwoordelike toeris te wees. En dis net hier waar die Fernkloof-natuurreservaat 'n gaping gesien het om diegene wat met 'n hondemaatjie geseën is weer eens uit te nooi om hul honde vir 'n stappie te neem langs die aangewese Blou Roete of langs die kuspaadjies.

'n Hond is die ideale metgesel wanneer mens die natuurskoon van ons omstreke wil verken en, mits hul tweepotige metgeselle mooi saamspeel, kan selfs honde hulle as voorbeeldige toeriste gedra.

In hierdie geval kom "om mooi saam te speel" daarop neer dat hondestappers hul brakke ten alle tye aan 'n leiband moet hou en die brakke se kuttels moet optel en verwyder.

Dit is wat verantwoordelike toeriste doen.

Die uitnodiging geld steeds: Stappers en brakkies is welkom om die Blou Roete en die kuspaadjies na hartelus te verken, mits almal by die reëls hou en hulle verantwoordelik gedra.